

NUWE WET BRING ERKENNING

Kwaai! Khoekhoegowab eggo weer aan die Kaap van Goeie Hoop

Toe apartheid in 1994 geëindig het, is die paar amptelike Suid-Afrikaanse tale tot 11 verhoog om die land inklusief vir almal te maak. Maar een groep is skynbaar vergeet: die inheemse inwoners van wat vandag die Vrystaat, Noord- en Wes-Kaap is. Khoi-San-tale, onder die wêreld se oudstes, word skaars op enige plek erken. Dit begin nou verander danksy die werk van individue, die regering, akademici en universiteite, skryf MIRIAM MANNAK.

23 APRIL 2021

MENSE & KULTUUR

7 MIN OM TE LEES

Miriam Mannak

Joernalis

DEEL



Kwaai! Khoekhoegowab eggo weer aan die Kaap van Goeie Hoop



EEN van die eerste dinge wat 'n buitelandse besoeker in Suid-Afrika agterkom, is die land se linguistieke diversiteit. Kyk maar net na ons volkslied, wat uit verse in vyf verskillende tale bestaan: isiXhosa, isiZoele, Sesotho, Afrikaans en Engels. Dit is daarom linguisties beskou die mees diverse volkslied ter wêreld. En op ons landswaapen pryk die leuse: !Ke e: /xarra //ke (“diverse mense verenig”) in |Xam, een van die inheemse Khoi-tale wat uitgesterf het.

Maar net omdat niemand meer |Xam praat nie, beteken dit nie die taal het heeltemal verdwyn nie. Danksy die 19de-eeuse Duitse linguïst W.H.I. Bleek leef |Xam, wat gepraat is in groot dele van wat vandag die noordweste van Suid-Afrika en selfs Namibië is, steeds voort in 'n dokument van 12,000 bladsye wat uit die 1860's en 1870's dateer. Hierdie werk, met handgeskrewe getuïenisse van sommige van die laaste |Xam-sprekers, is 'n kardinale linguïstiese bron wat diep in die |Xam se kultuur, tradisies en rituele delf, en tesame daarmee die vroegste geskiedenis van ons land.

Kardinale rol in geskiedenis vervul

Afgesien van daardie enkele reël op ons landswaapen, duisende rotstekeninge wat tienduisende jare oud is, en 'n paar standbeelde by die Kasteel die Goeie Hoop in Kaapstad, is daar baie min openbare verwysings na die Khoi-San. Dis jammer, want hulle het 'n kardinale rol gespeel om ons verlede en hede te vorm.

Neem as voorbeeld Krotoa, die meisie wat op die tenger ouderdom van 11 as 'n gedwonge kinderarbeider in Jan van Riebeeck se huishouding begin werk het. Ondanks die volslae mishandeling wat sy verduur het, het hierdie jong vrou deur harde werk haar stempel afgedruk en later 'n tolk vir die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie geword. Haar lewe het nietemin tragies geëindig: Sy het op 31 jaar alleen gesterf op Robbeneiland, waarheen sy verban is.

En dan was daar Dawid Stuurman, wat in omstreeks 1773 in die hedendaagse Oos-Kaap gebore is. As een van Suid-Afrika se eerste inheemse politieke aktiviste het hierdie Khoi-hoof 20 jaar lank teen die Nederlandse en later Britse koloniale regering geveg. Een van sy mees noemenswaardige prestasies was 'n aanval wat hy in 1802 teen die Uniondale-veldkornet en sy manskappe gelei het. Hy en sy medevetters het daarna toegang tot grond bekom. Stuurman het ook 'n belangrike rol gespeel om slawerny in die Kaap te beveg deur skuiling aan ontsnapte slawe en vlugtlinge te bied.

In September 1809 is hy in hegtenis geneem omdat hy ongehoorsaam was aan die veldkornet. Hy is Robbeneiland toe gestuur, waar hy een van die eerste politieke gevangenes was. Drie maande later het hy ontsnap deur walvisbote te gebruik en na die Oos-Kaap teruggekeer. Tien

Kwaai! Khoekhoegowab eggo weer aan die Kaap van Goeie Hoop

ontsnap, maar is weer gevang en daarna gevonds tot lewenslange tronkstraf in die strafregtelike nedersetting in Nieu-Suid-Wallis, Australië.

Wet bring vir die eerste keer erkenning



Daar is nóg merkwaardige dog vergete mense wie se nalatenskap, kulture en tale diep in ons kollektiewe geheue begrawe lê. Dinge kan dalk ten goede verander met die Wet op Tradisionele en Khoi-San-leierskap wat op 1 April in werking getree het. Hierdie wet gee vir die eerste keer in Suid-Afrikaanse geskiedenis formele erkenning aan die Khoi-San-leierskap en daarmee saam hul kulture en hopelik tale.

“Dit lui die begin in van ’n nuwe era vir die ontwikkeling van die Khoi en San van Suid-Afrika. Dit is ’n pad wat ons saam moet stap,” het pres. Cyril Ramaphosa in Maart gesê ná ’n vergadering met die Nasionale Khoi-San-raad (NKC), onder leiding van hul voorsitter, Cecil le Fleur, wat die weg vir die nuwe wet gebaan het.

Die behoefte van Khoi-San-gemeenskappe om betrokke te wees by grondhervormingsbeleid en landelike ekonomiese ontwikkelingsprogramme, asook dat hul kulture, tradisies en tale wyer erken moet word, is van die sake wat op hierdie historiese byeenkoms bespreek is.

Bradley van Sitters, gebore en getoë in Lavender Hill, ’n klipgooi van die branderryersmekka Muizenberg, is tentatief optimisties. Hoewel hy vanweë sy ligbruin vel onder apartheid as ’n bruin man geklassifiseer sou gewees het, het hierdie rapper en tradisionele geneser nog nooit gevoel hy hoort in hierdie raskategorie nie. Iets het nog altyd ontbreek, sê hy – iets wat hy van jongs af gevoel het.

‘Dit was asof ek tuisgekom het’

Dinge het uiteindelik op die ouderdom van 18 jaar vir hom bymekaargekom toe hy Namibië net voor die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika in 1994 besoek het. “Daar het ek vir die eerste keer mense ontmoet wat net soos ek gelyk het,” onthou hy. “Dit was asof ek tuisgekom het, hoewel hulle in ’n taal gepraat het wat ek nie verstaan het nie.”

Dié taal was Khoekhoegowab, wat tans deur sowat 200,000 Khoi-San in Suid-Afrika, Namibië, Angola en Botswana gepraat word. Dis onseker hoe oud dit is, maar op grond van rotstekeninge is dit waarskynlik duisende jare oud en op gelyke voet met byvoorbeeld Chinees, wat dateer uit die jaar 1250 voor die gemeenskaplike era, en Grieks, wat dateer van 1450 tot 1350 voor die gemeenskaplike era. “Dit maak Khoekhoegowab een van die oudste oorlewende tale ter wêreld,” sê Van Sitters, wat ook as Danab ||Hui !Gaeb di !Huni!nâ !Gûkhoeb bekend staan.

Een van die kenmerke van Khoekhoegowab, soos baie ander Khoi-San-tale, is die gebruik van klinkgeluide in sy gesproke vorm en uitroep- en ander leestekens in sy geskrewe vorm. “Hierdie klinkgeluide het talle sogenaamde swart tale beïnvloed, onder meer isiXhosa, wat soos ons weet vier verskillende klikke het,” verduidelik Van Sitters. Hy noem dat verskillende Khoi-San-tale ook Afrikaans beïnvloed het. Dink aan woorde soos [kwaai](#) (!gai in Khoekhoegowab), [gogga](#),

Kwaai! Khoekhoegowab eggo weer aan die Kaap van Goeie Hoop

www.eggo.org.za

Ná sy eerste besoek aan Namibië het Van Sitters homself verdiep in die beskerming en aantekening van Khoekhoegowab en ander Khoi-San-tale. Hierdie reis het die laaste paar dekades tallose onvergeetlike herinneringe ongelewer, sommige van onskathare waarde



dekades tallose onvergeetlike herinneringe opgeteek, sommige van onskatbare waarde.

So is daar die “herontdekking” van !Ora, wat dikwels Kora of Korana genoem word. Dié taal is die eerste keer in 1879 deur Westerse taalkundiges aangeteken, en daar is aangeneem dat dit teen die 1930’s uitgesterf het. Dinge het verander toe Mike Besten, nou ontslape historikus van die Universiteit van die Vrystaat, in 2007 drie bejaarde !Ora-sprekers in en om Bloemfontein ontdek het. Dit het onder meer daartoe gelei dat ’n [woordeboek](#) saamgestel is. Vier jaar later het Van Sitters die eer gehad om twee van hulle te ontmoet: Oupa Dawid Cooper en Ouma Jacoba Maclear, albei destyds meer as 100 jaar oud. “Hulle was die heel laaste mense wat hierdie taal gepraat het; dit was ongelooflik spesiaal,” sê hy. “Toe albei in 2012 oorlede is, is ’n boek letterlik vir altyd toegemaak.”

Veg hard vir moedertaal

Van Sitters is vasbeslote om te verhinder dat Khoekhoegowab, wat hy as sy moedertaal beskou, uit Suid-Afrika se taalmilieu verdwyn. Sy werk werp skynbaar vrugte af. In 2020 het die Universiteit van Kaapstad ’n voorgraadse Khoekhoegowab-taalprogram bekendgemaak wat oor die volgende vyf jaar ontwikkel sal word. Hierdie besluit is geneem pas nadat die universiteit ook sy Khoi-en-San-sentrum geopen het, wat daarop sal fokus om verdwene of gemarginaliseerde inheemse kennis, rituele, taal en lewenswyses na te vors en te bewaar.

“Die Khoi-San se geestelike voetspore eggo hard deur tyd in die grotte van hierdie berge. Hul kennis lê diep in die uitgewiste landskap en omringende fynbos. Hierdie deel van die geskiedenis was nooit deel van die land se narratief gedurende apartheid nie,” het prof. Mamokgethi Phakeng, visekanselier van die Universiteit van Kaapstad, verlede jaar tydens die virtuele opening gesê. Sy het daarop gewys dat die sentrum daarna streef om die wêreld se voorste navorsingsentrum te word wat in Afrika-filosofie en -kennisleer spesialiseer.

“Die wonderlike ding is dat die universiteit beoog om Khoekhoegowab as die vierde amptelike kampustaal bekend te stel,” sê Van Sitters, wat ook aangestel is om in Khoekhoegowab te help onderrig.

“Dit sal nou ’n oorwinning wees!”

NEEM DEEL AAN DIE GESPREK: Gaan na heel onder op hierdie bladsy om op hierdie artikel kommentaar te lewer, of klik regs bo as jy op die app is. Ons hoor graag van jou!

Miriam Mannak

Joermalis

Kwaai! Khoekhoegowab eggo weer aan die Kaap van Goeie Hoop



BLY OP HOOGTE. REGISTREER NOU EN ONTVANG ONS WEEKLIKSE NUUSBRIEF.

[REGISTREER](#)